# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING

## 1.1 Inleiding

Voorspelling en beheer in verskillende alledaagse situasies is die kern van George Kelly (1955) se konstrukteorie en hierdie sentiment word deur ander navorsers ondersteun. Lewis en Brooks-Gunn (1979, p.184) beskryf hierdie beginsel as "to understand one's world one must understand the actions in that world as well as the agent of that action, be it self or other". Ten einde eie en ander se gedrag in verskillende situasies betekenisvol te voorspel en te beheer vereis dat individue in kontak kom met die interne raamwerk waarvolgens response motiveer word. Dit impliseer dat dit ook nodig is om in kontak te kom met die emotiewe leefwêreld en die gevoelens wat hierdie belewenisse onderlê sodat 'n voorspelling gemaak kan word en toepaslike response beheer kan word.

Die mens wil gewoonlik weet wat om in 'n spesifieke situasie te verwag sodat hy of sy hul gedrag daarby kan aanpas. Dit is veral belangrik in 'n verhouding tussen twee mense en is 'n poging van die individu om beheer oor sy of haar leefwêreld te verkry. Dit het ook waarde vir die gedrag en emotiewe response wat een individu teenoor 'n ander in 'n verhouding kan openbaar.

In die interaksie met ons leefwêreld beleef ons verskillende gemoedstoestande wat kognitief as 'n emosie betekenis kry. Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe hierdie betekenisse in interaksie met musiek versterk en uitgebrei kan word en die musiek dit vir die individu makliker kan maak om die emosies verbaal te konstrueer. Musiek gaan dus aangewend word as 'n hulpmiddel om individue te help om die aanvanklike gemoedstoestand en emotiewe konstruering wat hulle in spesifieke situasies ervaar, te identifiseer en betekenis daaraan te gee. Deurdat die individu se gevoelens of bepaalde gemoedstoestand deur musiek versterk word, kan dit bydra daartoe dat hy of sy makliker in kontak met sy of haar emosies kom en sodoende kan 'n uitbreiding van emotiewe konstrukte bewerkstellig word.

Sloboda (1985, p.1) beweer dat "music is capable of arousing in us deep and significant emotions". Hy brei hierdie beskrywing van 'n musikale ervaring uit wanneer hy sê dat musiek meer is as net 'n versameling van klanke. Dit is die simbole vir iets meer as suiwer klank, "something which enables us to laugh or cry, like or dislike, be moved or indifferent" (Sloboda, 1985, p.1).

Die ondersoek in hierdie studie is gebasseer op die deduktiewe beginsel, naamlik dat daar afleidings gemaak word van die algemene na die besondere. Daar word eers holisties na die vae gemoedstoestand wat individue in situasies ervaar, gekyk. Hiervandaan word gelet op die wyse waarop individue hulle emotiewe konstruksisteme ten opsigte van spesifieke situasies en interaksie met

musiek konstrueer. Daar word kognitief betekenis gegee aan die emotiewe belewenis in 'n spesifieke situasie en die geïdentifiseerde emosies word deur die navorser as emotiewe konstrukte konstrueer in 'n poging om 'n geloofwaardige beskrywing van die fenomeen te kan gee.

## 1.2 Voorspelling en beheer

Die mens gebruik bepaalde konstrukte oor die wêreld en situasies in daardie leefwêreld ten einde beheer oor gedrag en response in die situasie uit te oefen. Steckel (in Berger & Luckmann, 1967, p.9) beweer "our time has been distinguished more than anything else, by a drive to control the external world, and by an almost total forgetfulness of the internal world". Kennis van ons konstrukte, veral die emotiewe konstrukte wat response in 'n situasie kan motiveer, is nodig ten einde die toepaslike response in die situasie te kan selekteer. Wanneer die individu sy of haar eie emotiewe leefwêreld verstaan, sal dit makliker wees om die toepaslike gedrag en response te openbaar. Die ideaal sou wees dat hierdie verbeterde kennis en begrip van 'n mens se eie emotiewe leefwêreld kan lei tot beter begrip vir ander in verhoudings.

Emotiewe betekenisgewing is egter 'n baie subjektiewe persepsie wat die individu met betrekking tot sy of haar beleweniswêreld het en die konstrueringsproses wat met die emotiewe konstruksisteem verband hou. Dit sal moeilik wees om 'n begrip te hê vir die motiewe wat emotiewe response onderlê

as mens se konstrueringsproses van sodanige emosionele belewenisse vaag of onbekend aan jouself is. Daarom kan die behoefte om kennis met betrekking tot mens se eie emotiewe konstruksisteem en konstrueringsproses uit te brei gesien word as 'n onderliggende vertrekpunt vir die ondersoek wat in hierdie studie aangepak gaan word. Die vraag is of musiek, weens die subjektiewe opwekkingspotensiaal daarvan vir emosies, deur die individu gebruik kan word om emotiewe konstrukte te versterk en kennis van sy of haar konstrueringsproses kan ontsluit en die konstrukte uitbrei.

Dit gaan in hierdie opsig nie oor die 'regte' belewenisse of realiteit nie, maar oor 'n subjektiewe belewenis of realiteit en die begrip daarvan. Wanneer die emotiewe konstrueringsproses meer bekend is, kan die individu se eie sowel as ander se response in 'n verhouding op 'n 'nuwe' manier gesien word en kan daar op 'n 'nuwe' manier opgetree word. Sodoende kan 'n meer positiewe, ondersteunende interaksiepatroon geskep word (Greenberg & Mateu-Marques, 1998).

## 1.3 Emotiewe belewenisse

Selfkennis met betrekking tot ons emotiewe beleweniswêreld is nodig om 'n gesonde verhouding te bou en in stand te hou. Verskeie emosies word binne die konteks van 'n verhouding ontlok en intimiteit impliseer dat ons ons diepste ervarings, "innermost experiences", ten minste gedeeltelik toeganklik vir ons

verhoudingsmaat moet maak. Die wyse waarop verhoudingsmaats op mekaar se vrese en behoeftes reageer en die wyse waarop gedagtes en gevoelens uitgeruil word, sowel as die verbale en nie-verbale uitruiling van emosies, het 'n groot invloed op die toestand van die verhouding (Greenberg & Mateu-Marques, 1998). "Emotional expression tells others how we are defining the relationship, and it pulls for particular responses from them" (Johnson,1998, p.2). Die toestand van die verhouding is in 'n groot mate direk afhanklik van die verwagte respons en die gevoel dat die toepaslike respons werklik ontvang is.

Wat wel deurentyd in gedagte gehou moet word, is die subjektiwiteit van sodanige belewenisse. Die individu interpreteer nie 'n situasie volgens 'n eksterne of sogenaamde ware realiteit nie, maar eerder volgens 'n subjektiewe realiteit. Hierdie subjektiewe realiteit het te make met die interne konstrueringsproses van elke individu en die interpretasie van situasies ooreenkomstig elkeen se eie verwysingsraamwerk of konstruksisteem(Kelly, 1955). Daarom is kennis of begrip van die konstrueringsproses belangrik sodat ons ons eie en ander se emotiewe konstruering van die situasie kan verstaan soos wat dit volgens hierdie subjektiewe realiteit beleef word.

## 1.4 Emotiewe konstrukte in verhoudings

Kennis en begrip van ons eie emotiewe konstrukte is belangrik binne verhoudings. Die waarde daarvan lê dieper as net ter ondersteuning van

mekaar. Dit het ook waarde vir die emosionele verbondenheid van die betrokke partye en "the lack of sustainable emotional engagement between intimates has been found to predict the future dissolution of relationships " (Johnson, 1998, p.2).


Die wyse waarop 'n individu groter insig in sy of haar eie emotiewe beleweniswêreld verwerf, dui op 'n interaksie tussen selfkennis en kennis van die toepaslike response in interaksie met ander. Dit is 'n wisselwerking en interafhanklikheid. Deur die uitruiling van intieme belewenisse tussen individue word die innerlike bewustheid en insig verbeter en omgekeerd. Johnson (1998, p.2) beklemtoon die waarde van emotiewe uitruiling met die stelling dat "emotions do not have an impact on social life, they constitute social life".

Hoewel hier sprake is van 'n empatiese invoeling vir die emotiewe leefwêreld van 'n ander, is dit nie die doel van hierdie ondersoek om empatie assulks te bestudeer nie. Daar wil eerder vasgestel word hoe die individu sy of haar gemoedstoestand in 'n spesifieke situasie beleef en betekenis aan sy of haar eie emosionele belewenis in interaksie met 'n belangrike ander gee en hoedanig musiek gebruik kan word om hierdie betekenisgewing te versterk en uit te brei. Dit is ook relevant om vas te stel hoe die individu betekenis aan die verhoudingsmaat se emotiewe beleweniswêreld gee ten einde groter begrip vir die verhouding te bekom.

Ons konstrueer onsself ook in terme van ander se konstruerings van onsself. Die sosiale konstruksioniste verwys hierna as die "common dance". McNamee en Gergen (1992, p.8) verduidelik die dans van verhoudingsmaats as dat "only through the on-going conversation with intimates does the individual develop a sense of identity or an inner voice". Verhoudingsmaats se insig in hul eie en mekaar se konstrueringsprosesse kan dus begrip vir mekaar se emotiewe konstrukte verbeter en toepaslike response fasiliteer.

## 1.5 Verloop van hierdie studie

In hierdie studie gaan dus ondersoek word hoedanig musiek 'n rol kan speel om die emotiewe konstrukte bloot te lê en hoedanig musiek bydra tot die uitbreiding van individuele konstrueringsprosesse. Daar sal ook gekyk word na die rol van musiek vir die uitbreiding van begrip vir die emotiewe konstrueringsproses van persone in 'n verhouding met 'n ander persoon, spesifiek in 'n romantiese verhouding. Die verloop van die studie word vervolgens in die diagram (Fig. 1-1) uiteengesit.




***Figuur 1-1:*** 'n Diagrammatiese uiteensetting van die verloop van die studie.

# HOOFSTUK 2

# EMOSIE EN DIE EMOTIEWE KONSTRUKSISTEEM


## 2.1 Inleiding

Die voorstellings en idees wat ons van die wêreld het, sluit beide gevoelens en denke in. Die voorstellings van verskeie situasies in die wêreld word kognitief gekonseptualiseer, terwyl die emosionele belewenis ook deel vorm van die geheelbeeld. Dit is 'n subjektiewe persepsie van al die ervarings wat op 'n situasie betrekking het en wat lei tot die konstruering van die omstandighede van die situasie. 'n Beskrywing van die emosie, sowel as die persoonlike betekenisgewing van ervarings in interpersoonlike verhoudings is die fokus van hierdie hoofstuk.

In die prosesmatige ontwikkeling van emosie word aandag gegee aan die verwagtinge wat individue in bepaalde situasies het en die wyse waarop hierdie verwagtinge en die gepaardgaande emotiewe response gekonseptualiseer en gekonstrueer word. Verder sal die rol van die emotiewe belewenis in die verwagtinge en die realisering van sodanige verwagtinge al dan nie binne die diadiese verhouding bespreek word.

## 2.2 Die prosesmatige ontwikkeling van emosie

Die volgende diagram (Fig. 2-1) is 'n uiteensetting van die prosesmatige ontwikkeling van emosie. Vanaf die ervaring van die situasie in die wêreld totdat die individu bewus word van die emosie wat hy of sy in die situasie ervaar en die betekenis wat dié ervaring vir die individu het, kan stapsgewyse voorgestel word. Dit kan beskryf word as die emotiewe bewuswordingsproses, 'n subjektiewe proses wat vir elke individu in die situasie sal verskil.





***Figuur 2-1:*** 'n Skematiese voorstelling van die prosesmatige ontwikkeling van 'n emosie

Ten einde hierdie prosesmatige ontwikkeling van 'n emosie te verstaan, is dit nodig om die aspekte in die proses onafhanklik te definieer en te beskryf.

### 2.2.1 Definiëring van die begrip emosie

Emosie word in verskillende bronne beskryf as dat dit deur 'n bepaalde kognitiewe doelstelling gemotiveer of geaktiveer word en 'n belewenis is van die wyse waarop 'n doel in die situasie bereik of verhinder word (Oatley & Jenkins, 1996). Die dringendheid van die doel intensifiseer die belewing van die emosie (Lazarus & Lazarus, 1994). Freud (in Smith, 1983) en Bertocci (in De Riviera, 1991) sluit hierby aan deur emosie te beskryf as 'n basiese menslike motiveringsdisposisie. Emosie kan dus nie los van 'n kognitiewe doelstelling gesien word nie.

Verder is die gemoedstoestand en persoonlike betekenis wat aan die ervaring gegee word, verweef met die doelstelling. 'n Gemoedstoestand wat ervaar word wanneer 'n kognitiewe doelstelling nagestreef word, kry persoonlike betekenis in 'n emosie. Gemoedstoestand, doelstelling en betekenis gaan dus die emosie vooraf en 'n emosie kan nie van hierdie aspekte ontkoppel word nie. In figuur 2-2 word 'n skematiese voorstelling van hierdie proses gegee.





***Figuur 2-2:*** Gemoedstoestand, doelstelling en betekenisvolheid as voorafgaande prosesse in emotiewe bewuswording

### 2.2.2 Gemoedstoestand

Ten opsigte van hierdie studie word daar onderskei tussen emosie en gemoedstoestand. Gemoedstoestand is die gevoel, bewuswording of opwekking wat emosie voorafgaan. Niedenthal en Kitayama (1994, p.41) beskryf gemoedstoestand as 'n "directive force toward or against a given

object, either actual or imagined – it underlies virtually every human action and cognition". In hierdie opsig word gemoedstoestand beskou as die onbekende gevoel wat deur middel van kognisie betekenis kry en deur taal uitgedruk word as 'n emosie.

Emosie verwys dus na die verbinding van gemoedstoestand met bewustheid en ervaring wat deur middel van kognisie persoonlike betekenis aan die gemoedstoestand gee (Fig 2-3). Die bewuswording van die gemoedstoestand word deur middel van taal uitgedruk as 'n emosie (King, 1998).




***Figuur 2-3:*** Die bewuswordingsproses vanaf gemoedstoestand tot emosie

Ons maak sin van 'n gemoedstoestand deur ons kognisie en die wyse waarop 'n doelstelling bereik word. Deur middel van ons denke gee ons betekenis aan die situasie en ook aan die gemoedstoestand. Nietzsche (in Parry, 1998, p.70) beskryf bogenoemde as "once an emotion has overtaken us, however, it demands a story of its own to explain it".

### 2.2.3 Persepsie en betekenisgewing

Persepsie is 'n aspek van die bewuswordingsproses van 'n emosie wat verband hou met die subjektiewe belewenisse van 'n situasie. "Perceiving enters all aspects of our lives, conscious and unconscious including our feelings and emotions" (Young, 1975, p.6). Deur middel van persepsie erken ons en raak ons bewus van dinge in ons ervaringswêreld. Persepsies verwys altyd na iets in die wêreld of 'n situasie wat ons in die wêreld beleef.

Dit is egter 'n subjektiewe bewuswording, "the act whereby a meaningful world appears to us" (Kruger, 1988, p.98). Volgens Spigel, Pilmer en Blankstein (1979) sluit persepsie ook die interpretasie van die omgewing in, asook die intrinsieke voorstellings en idees wat ons van die wêreld het. Figuur 2-4 illustreer hoe persepsie deel vorm van die proses van emotiewe bewuswording. Hieruit is dit duidelik dat persepsie ten nouste


saamhang met die gemoedstoestand, doelstelling en betekenisgewing wat die emosie voorafgaan.

Bertocci (in De Riviera, 1991) beweer dat ons deur kognisie sin maak van ons emosie en beklemtoon die subjektiwiteit van hierdie betekenisgewing. Volgens Bertocci is mense "predisposed to perceive these meanings because of their emotional underpinnings" (De Riviera, 1991, p.569). 'n Mens reageer dus op die persepsies volgens die subjektiewe betekenis wat dit inhou.

Die wêreld en 'n situasie is nie insigself betekenisvol nie. Die betekenisvolheid lê in hoe ons dit sien en ervaar. In 'n unieke verhouding met die wêreld vind ons betekenis in dit wat vir ons spesifiek en uitsonderlik is. Volgens Sternberg (1995), Kruger (1988) en ander het ons ook nooit 'n persepsie insigself nie, maar altyd 'n persepsie binne sekere parameters, want "everything I perceive is perceived from the perspective of a wide coherence of meaning" (Kruger, 1988, p.101).

In figuur 2-4 word geïllustreer hoe die emotiewe bewuswordingsproses opgebou is uit verskillende aspekte wat die emosie voorafgaan. Saam met die persepsie wat ons van 'n bepaalde situasie het, ervaar ons 'n gemoedstoestand wat betekenis kry volgens ons subjektiewe belewenis van die situasie.

Die gemoedstoestand wat vanuit die persepsies in 'n bepaalde situasie voortvloei is nog 'n vae onduidelike gevoel wat nie as 'n emosie uitgedruk kan word nie. Wanneer ons 'n gemoedstoestand ervaar, is dit bloot 'n subjektiewe belewenis van die situasie. Dit hou ook nie noodwendig verband met die realiteit waarbinne die situasie plaasvind nie. Deur middel van ons denke word die subjektiewe belewenis wat ons in 'n situasie het, deurdink totdat die gemoedstoestand geïdenitifiseer kan word as 'n bepaalde emosie. Parry (1998) sluit hierby aan en beweer dat emosie onskeibaar is van kognisie.




***Figuur 2-4:*** Persepsie en betekenisvolheid as deel van die emotiewe bewuswordingsproses

### 2.2.4 Kognisie

Neisser (1976, p.1) definieer kognisie as die "activity of knowing: the acquisition, organization, and use of knowledge". Dit is die proses van om te weet (Benjafield, 1993). Kognisie behels dus verskillende verstandsaktiwiteit soos bewustheid, intelligensie, herkenning, herroeping en begrip. Verder sluit kognisie 'n verskeidenheid van vorige ervarings en assosiasies in. Hierdie vorige ervarings en assosiasies word in die geheue gestoor en is beskikbaar wanneer die individu hom of haarself in soortgelyke en in nuwe situasies bevind. Dit word gebruik as verwysingsmateriaal vir die kognitiewe prosesse wat in die aksie van om te weet gebruik kan word.


Ten einde affektief te respondeer op 'n stimulus maak die mens gebruik van sensoriese toevoer en gestoorde inligting van vorige ervarings wat herroep word (Niedenthal & Kitayama, 1994). Dit wat ons kan onthou van vorige, soortgelyke ervarings beïnvloed huidige persepsies en gemoedstoestand en die wyse waarop ons daaroor dink. Deur geheue word ons verlede herroep en die herroeping kan ook die oorspronklike affektiewe kwaliteit van die ervaring herhaal (Young, 1975). Daar moet egter in ag geneem word dat die herroeping nie noodwendig betroubaar is nie. Vorige emotiewe belewenisse vervaag en die belewenis kan nie noodwendig in dieselfde intensiteit onthou word nie. Derhalwe is die

intensiteit van die oorspronklike en die nuwe affek nie noodwendig dieselfde nie. As 'n soortgelyke situasie voorheen positief beleef is, sal die huidige situasie waarskynlik ook positief beleef word. Daarenteen sal 'n negatiewe herinnering 'n negatiewe invloed uitoefen op die belewing van die nuwe situasie.

In figuur 2-5 word die rol van kognisie in die emotiewe bewuswordingsproses skematies voorgestel. Kognisie is veral belangrik vir die verbale etikette wat ons aan emosies toeken. Die geverbaliseerde emosies hoef nie noodwendig eksakte emotiewe begrippe te wees soos byvoorbeeld die nege basiese emosies wat deur Stein en Oatley (1992) geïdentifiseer is nie. Dit is bloot 'n uitdrukking of verbalisering van die ervaarde gemoedstoestand sodat hierdie abstrakte emotiewe belewenis 'n meer konkrete bewustheid kan word. Kelly (1955) beklemtoon die belangrikheid hiervan en brei hierop uit wanneer hy die kompleksiteit van die konstruksisteem verduidelik. Hy beweer dat 'n konstruk nie verwar moet word met die verbale etiket wat gebruik kan word om dit te identifiseer nie. Sommige konstrukte kan nie verbaal gesimboliseer word nie en dit is veral die geval met gemoedstoestand.

Die beskrywing van die emotiewe bewuswordingsproses wat hierbo gegee is, sluit ten nouste aan by die konstrukteorie van George Kelly (1955). In sy konstrukteorie beskryf Kelly (1955) situasies as gebeurtenisse of

subjektiewe belewenisse van die wêreld en die individu se voorstellings daarvan as persoonlike konstrukte waardeur hierdie gebeurtenisse verstaan en verklaar kan word (Meyer, Moore & Viljoen, 1989).




***Figuur 2-5***: Die bewuswordingsproses van emosie

## 2.3 Die konstruksisteem en die konstruering van emosie

Mayer en Sutton (1996, p.136) definieer 'n persoonlike konstruk as 'n "personalised version of the factual material of reality often expressed as a verbal label which the individual applies to a situation or events". Hierdie verbale etikette help die individu om sin te maak van dit wat hy of sy in 'n situasie beleef. 'n Persoonlike konstruk is dus 'n idee of 'n gedagte wat 'n mens gebruik om die wêreld en verskillende situasies in die wêreld te konstrueer, te interpreteer, te verduidelik en voorspellings oor soortgelyke situasies te kan maak.

Konstrukte is kognitiewe aksies wat ons uitvoer om die kompleksiteit van die wêreld te verstaan. Die konstrukte wat die individu formuleer, het ten doel om hom of haar te help in die voorstelling van die wêreld. Dit dien ook as 'n struktuur vir handelinge en as motivering vir gedrag in verskillende situasies in interaksie met die wêreld (Mayer & Sutton, 1996; Meyer *et al.*, 1989). Ons konseptualisering van die wêreld volgens die konstrukte wat ons daarvan het, gee betekenis aan situasies wat ons in die wêreld beleef. Daar word kognitief betekenis gegee aan die situasie sowel as aan die gemoedstoestand wat in die situasie ter sake is.

Verder kan daar onderskei word tussen kognitiewe en emotiewe konstrukte. Daar word aanvaar dat, net soos wat ons kognitiewe voorstellings van die wêreld het om situasies kognitief te kan evalueer en betekenis te kan gee, ons ook



b15122 9330
11570 6977

emotiewe konstrukte het wat bepaal hoe ons hierdie situasies ervaar. Binne ons konstruksisteem het ons bepaalde emotiewe konstrukte waarvolgens ons die wêreld emotief konstrueer en interpreteer. Sekere emosies kan meer as ander ervaar word afhangende van ons belewenisse van die situasies. Hiermee word nie bedoel dat net sekere emosies ervaar word nie, maar dat daar 'n patroon ontwikkel van meer dominante emosie of emosies wat meer dikwels ervaar word.

Net soos wat die individu kognitief probeer sin maak van 'n situasie, word emosie en emotiewe konstrukte gebruik om betekenis aan die situasie te gee. Ons probeer ook kognitief sin maak uit ons emotiewe ervarings in die situasie. Wanneer ons die werking van die emotiewe konstruksisteem verstaan, kan ons verstaan hoe ons die situasie emotief konstrueer en watter emosies in bepaalde situasies ervaar word.

Deur ons kognitiewe en emotiewe konstruering van 'n situasie word vorige ervarings in ag geneem. Die belewenis word deurdink en sodoende kan die gemoedstoestand as 'n spesifieke emosie benoem word. Van die intrinsieke emotiewe belewenis maak ons sin deur dit kognitief te evalueer en te benoem volgens ons attribusie daarvan (Izard, Kagan & Zajonk, 1984). Festinger (in Palmer & Alock, 1991) beskryf hierdie attribusie van emosie as 'n poging deur die persoon om die gemoedstoestand wat hy of sy ten opsigte van die situasie ervaar, te konseptualiseer. Die emosie is nie noodwendig die enigste emosie

wat ervaar word nie, maar kan beskou word as die oorhoofse emosie wat beleef word of waarvan die individu op 'n spesifieke tydstip bewus is.

Lazarus en Lazarus (1994) meen ook dat daar geen emosie sonder denke of rede bestaan nie. Emosie is die produk van ons konstruering van lewensgebeurtenisse wat in die persoonlike konstruksisteem opgeneem is. Dit sluit die kognitiewe en die emotiewe konstruksisteme in.

### 2.3.1 Funksionaliteit van konstruksisteme

Die funksionaliteit van konstrukte is afhanklik van die subjektiewe evaluering van elke situasie. Kelly (1955) beklemtoon dat ware realiteit onbeskryflik is. Dit is eerder ons subjektiewe persepsie van ***'n*** realiteit wat ter sake is. Omdat persepsies subjektief is, is dit afhanklik van elke individu se eie interpretasie van sy of haar eie 'realiteit'. Daarom kan ons persepsies ook verdraaid wees om aan te pas by ons eie subjektiewe konstruering van die realiteit en het die konstrukte subjektiewe funksionaliteit. Dit geld vir beide die kognitiewe en emotiewe konstruktsisteem.

Die konstruk 'self' word ook geëvalueer aan die hand van die voorspellingseffektiwiteit van die konstruksisteem. Konstruksisteme wat nie effektief funksioneer nie, kan verander word ten opsigte van die

konstrukte wat by die sisteem ingesluit is (Mayer & Sutton, 1996). Dit word egter dikwels gedoen sonder om die verwagtinge wat met die konstruksisteem saamhang te herevalueer en die subjektiwiteit rondom die konstrueringsproses in ag te neem.

Wanneer 'n konstruk wat gewysig word, 'n periferale konstruk is omdat dit slegs met 'n klein aantal ander konstrukte saamhang, is die aanpassing nie so problematies nie. Maar wanneer dit 'n kernkonstruk is, met ander woorde 'n konstruk wat met baie ander konstrukte saamhang, is die aanpassing nie altyd moontlik nie. Die verandering van 'n kernkonstruk het tot gevolg dat baie ander konstrukte ook moet verander (Sechrest, 1963).

### 2.3.2 Verwagtinge

Vewagtinge hou verband met die voorspellings wat ons van situasies en die handelinge wat in die situasie ter sake behoort te wees. Kelly (1955, p.90) beskryf voorspelling in sy fundamentele postulaat as "a person's processes [that] are psychologically channelized by the ways in which he anticipates events". Mayer en Sutton (1996, p.136) beklemtoon verder die subjektiwiteit van hierdie voorspellings en beweer dat elke persoon die omgewing verskillend voorstel en "responds to his or her own representation as reality. People have different expectations and


anticipate that different things will happen, [and] they adjust their behaviour accordingly".

Kognitiewe en emotiewe konstrukte dien as raamwerk van die verwagtinge wat ons van die wêreld het en motiveer die handelinge wat ons in verskillende situasies openbaar. Deur die verwagtinge in 'n spesifieke situasie te kan voorspel, kan die individu 'n sekere mate van beheer uitoefen oor sy of haar eie gedrag wat in die situasie ter sake is (Lazarus & Lazarus, 1994; Meyer *et al.*, 1989). Dit beteken ook dat die individu bepaalde verwagtinge van die situasie en die handelinge van ander in die situasie het.

Die verwagtinge is dus gebaseer op die kognitiewe en emotiewe konstruering van die situasie. Sou die verwagtinge realiseer of nie, is daar ook bepaalde emotiewe belewenisse wat daarmee saamhang. Hoe meer waarde aan 'n situasie geheg word en hoe belangriker dit is dat die verwagtinge in die situasie moet realiseer, hoe meer intens sal die emosie wees wat ervaar word. Indien die verwagtinge teleurgestel word, sal die emotiewe belewenis daarvan ook meer intens wees.

Begrip en kennis van ons emotiewe konstruksisteem maak dit moontlik om insig te verkry in ons eie verwagtinge wat in 'n bepaalde situasie ter sake is. Dit sal ook makliker wees om sin te maak uit ons ervarings

wanneer verwagtinge bereik is al dan nie. Die verband tussen kognisie en emosie kan verder verduidelik word aan die hand van die diskrepansieteorie (Izard *et al.*, 1984). Volgens hierdie teorie word emosies beskou as die produk van 'n sekere diskrepansie of inkongruensie tussen eksterne gebeurtenisse en interne konstruerings of verwagtinge van die situasie (Fig 2-6). Die diskrepansie verwys na die aanvanklike konstruering van die situasie en die uiteindelike emotiewe belewing daarvan.




***Figuur 2-6:*** Die diskrepansie tussen die eksterne gebeurtenisse en die interne konstruering van 'n situasie

Die verwagtinge van 'n situasie is gebaseer op die konstruerings wat vanuit die persoonlike konstruksisteem gevorm word. Indien die situasie nie aan verwagtinge voldoen nie, sal 'n diskrepansie of inkongruensie ervaar word. 'n Situasie wat wel aan verwagtinge voldoen skep vir die individu die gevoel dat sy of haar aanvanklike konstruering korrek was en

weer gebruik kan word (Meyer *et al.*, 1989). Eksterne gebeure vorm deel van die situasie en kan daartoe bydra dat die individu se interne konstruering van 'n situasie en die verwagtinge van die situasie bevredig word al dan nie. In hierdie studie word daar veral gefokus op die interne konstruering wat die individu van 'n situasie het en die wyse waarop dit aansluit by die emosie wat in die situasie ervaar word.

### 2.3.3 Doelwitbereiking of -verhindering


Die doel waarna verwys is in die definiëring van die begrip emosie (2.2 hierbo) sluit aan by die idee van verwagting. Die emosie wat ervaar word wanneer die doel bereik word al dan nie, resulteer uit die diskrepansie ten opsigte van die verwagtinge rondom die doelwitbereiking of -verhindering. In hierdie opsig verwys 'doel' na 'n bepaalde kognitiewe verwagting binne 'n spesifieke konteks. Die verwagting ten opsigte van 'n interpersoonlike verhouding kan wees waar sekere optrede van 'n ander persoon verwag word, byvoorbeeld ondersteuning of affeksie, wat dan óf verkry óf verhinder word en dan die emosie ontlok.

Intrapersoonlike doelwitte hou veral verband met verwagtinge soos byvoorbeeld sukses, bekwaamheid of deursettingsvermoë wat verkry of verhinder kan word. Indien die doel bereik word, word 'n positiewe emosie beleef. Indien die doel egter nie bereik word nie, word 'n

negatiewe emosie soos teleurstelling ervaar. Omdat individue meer as een doelwit op 'n slag kan hê en beide intra- en interpersoonlike doelwitte tegelyk kan nastreef, word party doelwitte meer dringend as ander ervaar. Hoe dringender en belangriker die doelwit, hoe meer tyd en energie sal aan die bereiking daarvan bestee word en hoe intenser sal die emosie wees wat ervaar word. Die intensiteit van die emosie hou ook verband met die diskrepansie al dan nie wat ontstaan met die interne konstruering van die gebeure in die situasie.

### 2.3.4 Emotiewe konstruering

In figuur 2-7 word 'n skematiese voorstelling gegee van die konstruering van die wêreld of 'n situasie soos wat dit deel vorm van die emotiewe konstruksisteem van die individu. 'n Ervaring in die wêreld of van 'n situasie word waargeneem as die unieke ervaring van 'n spesifieke individu en is dus 'n persoonlike ervaring. Hierdie persoonlike ervaring is gebaseer op die persepsies van die individu en is 'n subjektiewe belewenis wat lei tot 'n bepaalde gemoedstoestand as die vae gevoel wat in die situasie beleef word. Hierdie gemoedstoestand kry betekenis volgens die vorige ervarings en gestoorde assosiasies wat ook verband hou met die verwagtinge in die spesifieke situasie. Kognitiewe prosesse help ons om sin te maak van die gemoedstoestand en betekenis daaraan te gee sodat dit as 'n spesifieke emosie geverbaliseer kan word.




***Figuur 2-7:*** Die bewuswordingsproses van 'n emosie as 'n voorstelling van die emotiewe konstruksisteem

## 2.4 Die diadiese verhouding

Die rol van emosie en die emotiewe konstruksisteem is veral van belang in verhoudings. In die diadiese verhouding staan twee persone in 'n besondere

verhouding tot mekaar en is daar baie spesifieke konstruerings van verwagtinge wat verband hou met die doel van die verhouding. Parry (1998) beskou emosie as die aktwitieit van 'n verhouding, terwyl Johnson (1998) dit verreken as die konteks vir interaksie en die betekenis wat aan die interaksie gekoppel word. Die interaksie tussen mense in 'n intieme, diadiese verhouding gee ook die konteks vir die emosionele response in die interaksie.

Interpersoonlike verhoudings is die middelpunt van menslike bestaan. "Humans are conceived within relationships, born into relationships, and live their lives within relationships with others" (Berscheid, Christensen, Harvey, Hutson, Kelly, Levinger, Peplau & Peterson, 1983, p.1). Ons is almal êrens deel van 'n verhouding en hierdie verhoudings wissel in grade van intimiteit en nabyheid. In verskillende verhoudings leer ons onsself beter ken en kan ons behoefte aan sosiale ondersteuning bevredig word. Ons kry byvoorbeeld die nodige aanvaarding en toegeneendheid waarna ons verlang en bevredigende verhoudings maak ons leefwêreld betekenisvol.

Kennis en insig van ons eie emotiewe konstruksisteme is belangrik om suksesvolle en bevredigende verhoudings te kan vorm en handhaaf. Verder kan begrip vir ander se emotiewe konstruksisteme dit vir ons moontlik maak om toepaslike response te openbaar en die ander se response of gebrek aan response te verstaan. Sodoende kan ons meer ondersteunend optree en meer

begrip openbaar vir die realisering al dan nie van ons eie en ander se verwagtinge.

"To understand one's world one must understand the actions in that world as well as the agent of that action, be it self or other" (Lewis & Brooks-Gunn, 1979, p.184). Ten einde ons eie en ander se leefwêreld te verstaan en deel daarvan te wees, moet ons dus verstaan hoe die mens aksies, reaksies en die gebrek aan aksie aan die hand van sy of haar emotiewe belewenisse konstrueer. Ons moet kennis dra van ander se emotiewe konstruksisteme en die proses van konstruering binne bepaalde situasies. Aangesien die individu se konstruksisteem egter op subjektiewe persepsies gebaseer is, kan ons hoogstens begrip vir 'n ander se konstruksisteem openbaar in die mate waartoe ons self die ander se emotiewe beleweniswêreld subjektief konstrueer. Dit bly dus steeds ons eie konstruering van die ander se veronderstelde emotiewe konstrueringsproses en ware kennis van 'n ander se konstruksisteem is nie moontlik nie (Sechrest, 1963).

### 2.4.1 Definiëring van verskillende tipes verhoudings

'n Verhouding word gekenmerk deur die mate van gehegtheid en intimiteit wat tussen die partye in interaksie bestaan, die duur en konteks van die interaksie, die emosionele verbondenheid wat tussen die partye tot stand kom en die impak wat die persone in die interaksie op mekaar het. Hoe

hegter die band tussen twee persone, hoe groter en meer gereeld sal die impak wees wat die persone in die interaksie op mekaar het (Weber & Harvey, 1994). In die diadiese verhouding is dit spesifiek die interaksie tussen twee persone van dieselfde en/of teenoorgestelde geslag wat van belang is.

Daar kan onder andere tussen die volgende tipes verhoudings onderskei word:

- Kennisse wat toevallige en/of korttermyn kontak met persone van beide geslagte insluit.
- Vriendskapsverhoudings wat dui op 'n langer termyn kontak en 'n groter mate van gehegtheid en verbondenheid in die interaksie tussen persone van dieselfde en/of van die teenoorgestelde geslag.
- Werksverhoudings waar die aard en duur van die verhoudings bepaal word deur die konteks waarbinne die interaksie tussen persone van beide geslagte plaasvind.
- Verhoudings tussen gesins- en familielede wat gerig word deur die spesifieke verbintenis tussen ouers en hulle kinders, kinders met mekaar, grootouers en hulle kleinkinders, ens.
- Romantiese verhoudings wat 'n wedersydse emosionele en intieme verbondenheid tussen twee persone impliseer.

Hoewel verskillende tipes verhoudings onderskei kan word, is dit spesifiek die romantiese verhouding wat in hierdie studie ter sake is. 'n Romantiese verhouding is 'n intieme, diadiese verhouding met 'n emosionele verbintenis tussen twee persone wat wedersydse toewyding, vertroue, begrip en liefde vir mekaar insluit. Binne hierdie verhouding bestaan daar 'n emosionele interafhanklikheid wat die aard van die verhouding meer kompleks maak. Emosionele interafhanklikheid kan onder andere die verwagtinge en konstruering van situasies kompliseer. Hinde (1979, p.302) beweer dat:

> ...others with whom an individual forms intimate relationships become a part of his perceived world, and in so far as the construction and validation of his own self depends on them.

Die meeste emosies wat ons daagliks ervaar ontstaan vanuit die konteks van ons verhoudings en in die besonder ons intieme verhoudings (Weber & Harvey, 1994). Ten einde 'n mate van bevrediging of sukses in so 'n verhouding te ervaar, het elke betrokke individu 'n eie unieke en individuele belewenis van die verhouding en die wyse waarop die emosionele belewenisse in die verhouding konstrueer word. Hierdie emosies hou onder andere verband met die verwagtinge wat die verhoudingsmaats van mekaar koester en die emosies wat met vervulde en onvervulde verwagtinge gepaardgaan.

### 2.4.2 Verwagtinge in die diadiese verhouding

In die diadiese verhouding impliseer bogenoemde dat die ander persoon se perspektief van 'n situasie in ag geneem moet word. Dit noodsaak dat sekere konstrukte deurdringbaar moet wees (Kelly, 1955) ten einde heroorweeg of aangepas te kan word en om voorsiening te maak vir nuwe elemente (Meyer *et al.*, 1989). Die konstruk self word nie noodwendig verwerp nie, maar gewysig om nog elemente daarin toe te laat. So byvoorbeeld kan die verhoudingsmaat aanvanklik as selfsugtig konstrueer word, maar later kan liefdevol by die konstruering ingesluit word.

Emosie is sentraal in enige interpersoonlike verhouding en veral in die romantiese verhouding. Sonder 'n emosionele respons kan daar geen verhouding wees nie. Johnson (1998) beweer dat emosie nie bloot 'n impak op ons sosiale lewe het nie, maar dat dit ons sosiale lewe vorm. Deur middel van ons kognitiewe en emotiewe konstruering van 'n situasie inisieer ons kontak of reageer ons op ander persone in die situasie. Die wyse waarop ons uitdrukking aan die emosies in die situasie gee, sê aan ander hoe ons die verhouding definieer en ontlok weer 'n respons van die ander persoon. In die diadiese verhouding hou dit ook verband met die mate van kennis en insig in die verhoudingsmaat se emotiewe belewenis en die vermoë om die gedrag by sy of haar konstruering te kan aanpas.

Kennis van eie en ander se emotiewe konstruksisteme in die intieme, diadiese verhouding kan 'n bydrae lewer tot die voorspelling van verwagte emotiewe response binne spesifieke situasies. Kelly (1955, p.96) beweer onder andere dat "if we can predict accurately what others will do, we can adjust ourselves to their behaviour". In 'n spesifieke situasie kan 'n emosie soos byvoorbeeld onsekerheid deur die verhoudingsmaat voorspel word aan die hand van die kennis wat hy of sy van die maat se konstruksisteem het. Sodoende kan gedrag of response aangepas word om die nodige ondersteuning in die situasie te bied. Terselfdertyd moet individue egter in ag neem dat hul verwagtinge nie noodwendig ooreenstem met die verwagtinge van die verhoudingsmaat nie en indien dit nie geverbaliseer word nie, kan die verhoudingsmaat nie noodwendig kennis daarvan dra nie.

Kelly (in Sechrest, 1963) se sosialiteitstelling impliseer dat 'n persoon effektief 'n rol in die sosiale interaksie met 'n ander persoon kan speel indien hy of sy die konstruering van die ander persoon kan voorspel. Die verlangde en toepaslike sosiale ondersteuning kan byvoorbeeld gebied word wanneer die ander persoon se emotiewe konstrueringsproses redelik akkuraat voorspel kan word. Die sosialiteitstelling impliseer verder dat betekenisvolle interaksie met 'n ander persoon slegs kan plaasvind indien daar begrip is vir hoe die ander persoon die wêreld sien en wat die persoon van hom of haar in die situasie verwag. Ten einde 'n goeie

verhoudingsmaat te wees vereis dat die individu bewus moet wees van wat die ander party van jou verwag.

Binne enige intieme verhouding is daar sekere verwagtinge van wat die aard van die verhouding behoort te wees, sowel as hoe hierdie verwagtinge bevredig sal word al dan nie. Daar bestaan byvoorbeeld verwagtinge ten opsigte van die aksies en reaksies van die verhoudingsmaat wat onder andere sosiale ondersteuning impliseer. Die mate waarin aan hierdie verwagtinge voldoen word, skep 'n raamwerk waarvolgens 'n verhoudingspaar die bevrediging en sukses van die verhouding konstrueer en evalueer.

Die evaluering van die verhouding raak veral problematies wanneer die betrokke persone verskillende verwagtinge het. Fincham (1999) meen dat "conceptualizing marital quality in terms of evaluative judgments links it to...an association between the cognitive representation of an object and a summary evaluation of the object" (http://www.findarticles.com/cf-0/m0961-Annual/54442293/print.jhtml). Wanneer 'n situasie gekonstrueer word en een van die verhoudingsmaats ervaar teleurstelling van sy of haar kognitiewe of emotiewe verwagtinge, kan daar onder andere misverstande binne die verhouding ontstaan.

Daar is reeds aangetoon dat verwagtinge deel vorm van die konstruksisteem wat 'n persoon gebruik om sy of haar en ander se handelinge in 'n spesifieke situasie te voorspel en te beheer. Wat egter die konstruering van verwagtinge in die diadiese verhouding kompliseer, is die feit dat verwagtinge dikwels nie geverbaliseer of uitgespreek word nie en dat die individue self nie eens bewus is van hul eie verwagtinge in die situasie nie. Wanneer die verwagtinge egter teleurgestel word, word intense emosies ontlok.

Kernkonstrukte kan in verskillende situasies gebruik word om verwagtinge in die situasie te konstrueer (Mayer & Sutton, 1996; Meyer *et al.*, 1989). Teleurgestelde verwagtinge in die intieme, diadiese verhouding hou onder andere verband met die effektiwiteit van die kernkonstrukte om die sistuasie en gedrag te kan voorspel. Wanneer die kernkonstrukte nie suksesvol toegepas kan word om 'n situasie te voorspel ten einde verwagtinge te bevredig nie, word intense emosies ervaar. Daar is dus ook sprake van 'n oneffektiewe emotiewe konstruksisteem en die wyse waarop 'n situasie emotief konstrueer word.

### 2.4.3 Konflik in die diadiese verhouding

Aangesien konflik in verhoudings meestal tot baie intense en onaangename emotiewe response kan lei en 'n negatiewe impak op 'n

verhouding kan hê, gaan daar in hierdie studie op die emotiewe konstruering van konfliksituasies gefokus word. Hiermee word nie bedoel dat ander emosies en die konstruering van sodanige emosies in die diadiese verhouding ontken word nie. Daar gaan slegs ter wille van die afbakening vir hierdie studie op konfliksituasies gefokus word.

Konflik ontstaan dikwels weens 'n verskil in houdings en waardes, soos byvoorbeeld 'n behoefte aan nabyheid teenoor 'n behoefte aan afstand (Family Crisis, 2000). Volgens Fincham (1999) hou hierdie houding en behoefte verband met die kognitiewe voorstelling van die verwagtinge wat die individu in die verhouding het. Die kognitiewe voorstelling hou ook verband met die emotiewe konstruk wat gebruik word om in die situasie die verlangde respons te voorspel en te beheer. 'n Opsommende evaluering van die situasie en uiteindelike gedrag (Fincham, 1999) hou verband met die emotiewe konstruering wat die respons onderlê.

Diskrepansies tussen die kognitiewe voorstelling en die opsommende evaluering lei daartoe dat verhoudingsmaats se behoeftes en verwagtinge dikwels nie bevredig word nie. Dit lei ook tot konflik in die verhouding. Wanneer konflik die verhouding domineer kan die verhoudingsmaats kwaad, seergemaak, misverstaan of selfs verwerp voel (Lingren, 1997). Misverstande is dikwels die gevolg van onvervulde of teleurgestelde verwagtinge in spesifieke situasies. Teen die tyd dat daar ingesien is dat

die konflik wel die gevolg van 'n misverstand ten opsigte van verlangde of gewensde emosionele response was, het dit moontlik reeds 'n negatiewe uitwerking op die verhouding gehad en is emosionele afstand geskep.

Lingren (1997) beweer dat die sukses van 'n verhouding afhang daarvan hoe goed individue vaardighede ontwikkel het om hulle probleme te kan oplos en hoe hulle in die verhouding die emosionele afstand wat as gevolg van die probleem ontstaan het, kan verklein. Die vermoë om mekaar se emotiewe beleweniswêrelde ooreenstemmend te kan konstrueer en begrip vir hierdie leefwêreld te hê, is onder andere 'n vaardigheid wat verhoudingsmaats kan ontwikkel ten einde die emosionele afstand te oorbrug. Sodoende kan beter kommunikasievaardighede ook ontwikkel word en verhoudingsmaats leer om mekaar se teleurgestelde verwagtinge te verstaan en konflikpatrone te verbreek (Marital conflict, 2000).

Wanneer die verhoudingsmaats nie begrip vir hul eie en mekaar se emotiewe konstrueringsproses het nie of nie verstaan hoe hulle self of hul maat 'n spesifieke situasie emotief ervaar nie, interpreteer hulle die gedrag of respons óf verkeerd, óf hul eie reaksie op hul maat se gedrag is onbevredigend vir die maat. Die verhoudingsmaat se gedrag in 'n spesifieke situasie kan dan byvoorbeeld óf as afsydig óf as onbetrokke geïnterpreteer word, terwyl dit dalk eerder gevoelens van minderwaardigheid is wat beleef word. Terselfdertyd kan die

verhoudingsmaat ondersteunende gedrag verwag, maar net afsydigheid ontvang of subjektief konstrueer word.

Die onvermoë om die korrekte gedrag of respons te voorspel en beheer gee aanleiding tot negatiewe gemoedstoestande wat as 'n negatiewe emosie betekenis kry en 'n gevoel by die verhoudingsmaat dat hy of sy afgeskeep word (Marital Conflict, 2000). Verskillende standpunte word gehuldig oor die funksie van konflik in 'n diadiese verhouding. Die funksie van konflikgedrag kan enersyds gesien word as 'n gewilligheid om die probleem op te los of andersyds as 'n onttrekking van die probleem (Christensen & Pasch, 1993). Holmes & Murray, 1996) meen dat konflikgedrag ook 'n funksie het vir óf die instandhouding van die verhouding óf 'n situasie van moed opgee reflekteer.

Die konflik wat in hierdie studie ter sprake is, is konflik wat as gevolg van ontoereikende kennis of insig in die verhoudingsmaat se emotiewe belewenisse ontstaan. Verhoudingsmaats beleef nie altyd 'n probleem op dieselfde wyse nie en daar is nie noodwendig ooreenstemming in die wyse waarop die situasie kognitief en emotief konstrueer word nie. Fincham, Garnier, Gano-Phillips & Osborne (1995) meen dat groter insig in mekaar se evaluerende konstruering tot meer gematigde verwagtinge ten opsigte van die maat se gedrag kan bydra. Dit sou beteken dat

verhoudingsmaats ook groter insig in mekaar se emotiewe konstrukte moet verkry en begrip moet toon vir mekaar se emotiewe belewenisse.

Wanneer verhoudingsmaats kennis van mekaar se emotiewe konstrukte het, behoort hulle meer ondersteunend binne spesifieke situasies te kan optree en aan mekaar se verwagtinge kan voldoen. Sodoende sou konflik in die verhouding verminder kan word. Om oop en eerlik gevoelens oor te dra en verskille konstruktief op te los, is 'n uitdaging vir enige verhouding. Hiervoor is wedersydse begrip vir mekaar se emotiewe beleweniswêrelde nodig. Dit kan verkry word deur kennis van mekaar se emotiewe konstrueringsprosesse.

## 2.5 Slotsom

In elke situasie is daar 'n bepaalde gemoedstoestand wat ervaar word en wat verband hou met die interne konstruering wat ons van die situasie het. Die gemoedstoestand is vir ons betekenisvol in die mate wat dit verband hou met ons verwagtinge in die situasie en die realisering van ons doelwitte al dan nie. Die emotiewe bewuswordingsproses volg wanneer ons die ervaarde gemoedstoestand kan verstaan en dit deur kognitiewe prosesse kan identifiseer as 'n spesifieke emosie. In interpersoonlike verhoudings speel emosie en die emotiewe konstruksisteem soos dit in konfliksituasies na vore kom, 'n belangrike rol. Effektiewe interpersoonlike kommunikasie en hantering van

probleemsituasies vereis onder andere kennis en begrip van mekaar se emotiewe leefwêrelde. Die kennis is nie 'n objektiewe kennis nie, maar 'n subjektiewe verstaan van die emotiewe konstrueringsproses van die verhoudingsmaat in 'n spesifieke situasie. Emosie is die bindingselemente tussen twee persone in 'n romantiese verhouding en dus 'n sentrale deel van die verhouding. In die volgende hoofstuk word ondersoek ingestel na musiek as meganisme om emosie te ontlok of te intensifiseer.

# HOOFSTUK 3

# MUSIEK EN EMOTIEWE KONSTRUERING

## 3.1 Inleiding


Musiek word deur baie outeurs beskryf as die vergestalting van menslike emosies. In die interaksie met musiek vind die mens, volwassenes en kinders, 'n emosionele uitlaat of simbolisering van hulle emosies. Strich (1983, p.20) beweer ook dat "music is an attempt to understand the patterns of human relationships by organizing them in symbolic form". Verskillende verhoudings vind simbolisering in musiek, soos byvoorbeeld die verhouding tussen 'n ma en haar kind wanneer sy vir hom of haar 'n wiegeliedjie sing. Die persone in 'n romantiese verhouding het dikwels ook 'n assosiasie met 'n spesiale liedjie wat goeie herinneringe oproep.

Die vraag is egter of die emosie en betekenis in die struktuur van die musiek gesetel is en of dit die emotiewe belewenis en betekenis van die luisteraar is wat op die musiek geprojekteer word. Komponiste en musikante vanuit alle kulture stem saam dat musiek wel betekenis vir die luisteraar het. Maar wat konstitueer hierdie betekenis en deur watter prosesse word dit gekommunikeer. In hierdie hoofstuk gaan ondersoek ingestel word na die wyse waarop musiek gebruik kan

word as stimulus vir die bewuswordingsproses van emosies en hoe dit in die diadiese verhouding aangewend kan word.

## 3.2 Musiek en emosie

Meyer (1956) het reeds geargumenteer dat daar verskillende standpunte ten opsigte van die emotiewe betekenisgewing van musiek en die aard van musikale ervaring bestaan. Hiervolgens kan drie breë uitgangspunte identifiseer word ten opsigte van die betekenis van musiek vir die mens (Fig 3-1).




***Figuur 3-1:*** Drie uitgangspunte ten opsigte van die mens se ervaring in interaksie met musiek

### 3.2.1 Die absolutisties-formalistiese beskouing

Die absolutisties-formalistiese beskouing meen dat betekenis en emosie inherent aan die formele aspekte van die musiek is. Betekenis is

byvoorbeeld geleë in dit wat die ritme, melodie en harmonie onderling doen om die musiek vir die luisteraar betekenisvol te maak. "Music means itself and each composition contains its own particular set of significant meaningful elements" (Hanslick in Reimer & Wright, 1992, p.87). Hanslick, vir wie musiek nie gevoelens of emosies kan beliggaam nie, meen dat die betekenis in die musiek en nêrens anders lê nie. Dit is nie binne die luisteraar nie en dit het niks te make met enige iets anders as die musiek self nie (Pavlicevic, 1997).

Pavlicevic (1997) verwys ook na Stravinsky wat beweer het dat musiek nie gevoelens of emosies of enige iets wat nie musiek is nie, kan voorstel nie. Ten einde betekenis aan musiek te kan toeskryf, vereis begrip van die styl en tradisie waarin die musiek gekomponeer is. Kennis van musiek en die formele elemente van musiek is ook nodig om die betekenis te kan verstaan. Meyer (1956) meen dat die suiwer musikale betekenis primêr intellektueel van aard is en niks met emosionele uitdrukking te make het nie.

Bernstein (in Reimer & Wright, 1992, p.18) beweer dat die fokus van enige musikale ervaring altyd binne die musiek self is en "if we are to explain the music, we explain the music, not the whole array of appreciaters' extra-musical notions which have grown like parasites around it". Die musikale ervaring is 'n kommunikasie tussen die komponis en die luisteraar. Indien

die individu 'n emosie ervaar wanneer hy of sy na musiek luister, is dit bloot 'n identifisering met die emosie wat die komponis in die musiek ingebou het en "you are simply replying to the composer" (Bernstein in Reimer & Wright, 1992, p.18). Die ervaarde emosie is dus in die musiek self en net daardie 'gekomponeerde' emosie kan deur die luisteraar ervaar word. Die komponis wend 'n doelbewuste poging aan om 'n emosie in die musiek 'in te komponeer' en dit vereis harde werk om sodanige idee in die vorm en struktuur van die musiek in te werk.

### 3.2.2 Die ekspressionistiese beskouing

In teenstelling met bogenoemde, argumenteer Langer (in Reimer & Wright, 1992) dat musiek nie individuele gevoelens simboliseer nie, maar dat dit eerder 'n logiese ooreenkoms met menslike gevoelens weergee. "Music cannot embody or contain emotions, but because of its dynamic character music possesses properties that are similar to the form of feelings" (Langer in Reimer & Wright, 1992, p.87). Musiek verteenwoordig nie defnitiewe gevoelens nie, maar as ekspressiewe kunsvorm gee dit uitdrukking aan ons emotiewe belewenisse. Ons kan ook sekere aspekte van ons subjektiewe lewens leer ken deur die interaksie met musiek. Musiek is dus 'n analogie vir emotiewe lewe.

Langer (in Reimer & Wright,1992) bevraagteken die standpunt van die "popular romantic theory of self-expression" dat musiek 'n verteenwoordiging van die komponis se gevoelens is. Sy verwys na die onmoontlike taak om die spesifieke emotiewe belewenis van die komponis in die musiek te ontdek of vas te stel. Dit sal dan juis daartoe lei dat 'n musikale komposisie nie op meer as een manier interpreteer kan word nie. Davies (1994) meen ook dat dit nie die intensie van die komponis is om 'n spesifieke emosie in die musiek te komponeer nie. Komponiste probeer eerder om iets te skep "that invites attention, engagement and consideration" (Davies, 1994, p.ix).

Verskillende mense kan verskillende emosionele reaksies of response toon ten opsigte van dieselfde musiekstuk (Davies, 1978). Terselfdertyd kan dieselfde musiekstimulus 'n emosie by een persoon ontlok en nie by 'n ander persoon nie. Die verskil lê in die verhouding tussen die musikale stimulus en die individu self (Sloboda, 1985). Geen spesifieke gevoel of emosie kan aan die inhoud van 'n spesifieke musikale werk toegeskryf word nie. Betekenis kan ook nie in die stimulus alleen gelokaliseer word nie en daarom kan dieselfde stimulus verskillende betekenisse inhou.

### 3.2.3 Die verwysende of assosiatiewe beskouing

Aiello (1994) voer die argument ten opsigte van die betekenis van musiek vir die mens verder, deur te beweer dat dit sinneloos is om te vra na die intrinsieke betekenis van 'n enkele toon of reeks tone. Musikale tone word slegs betekenisvol "insofar as they point to indicate or imply something beyond themselves" (Aiello, 1994, p.30). Volgens hierdie standpunt bevat musiek bloot informasie wat assosiasies met sekere emosies vir die mens ontsluit. Die assosiatiewe beskouing aanvaar dat die betekenis van musiek te make het met die konteks en die assosiasies eerder as met die musiek self. Die luisteraar bring iets anders, iets nie-musikaals, na die interaksie met die musiek. Pavlicevic (1997) en Meyer (1956) beskryf dit as die "designative" betekenis van musiek deurdat dit na iets buite dit self verwys.

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen die begrip van musikale betekenis wat deur bewustheid van die "tendencies, resistances, tensions and fulfilment" (Aiello, 1994, p.33) in 'n musikale werk ingesluit of beliggaam is en die selfbewuste objektivisering van betekenis wat die individu het wanneer na musiek geluister word. Om na musiek te luister en betekenis daaruit te kry, is 'n emotiewe ervaring waar die emosie deel is van die musiek asook die emosie van die luisteraar se eie gemoedstemming weerspieël (Madell, 1996). Betekenis van musiek kan

nie uitsluitlik in die objek, gebeurtenis of ervarings wat die stimulus toewys, gelokaliseer wees nie. Betekenis ontstaan eerder as 'n triadiese verhouding tussen objek of stimulus (musiek), dit waarna die stimulus verwys en die bewuste observeerder of luisteraar.

Newcomb (1984) meen dat die emosie in musiek of die uitdrukking daarvan in die musiek juis herken word weens die ooreenkoms tussen die musikale emosie en die struktuur van ons eie emosies. "Music is seen (or heard) as gestures of sound which resemble some elements of our expressive behaviour and act on our emotions because we recognize these resemblances" (Newcomb, 1984, p.618).

'n Fenomenologiese beskouing van musiek handhaaf ook die standpunt dat musiek nie as 'n objek apart van 'n "perceiver" gesien kan word nie, maar dat dit juis 'n ervaring is wat afhanklik is van die "perceiver". "Music is what I am when I experience it" (Clifton in Reimer & Wright, 1992, p.52). Musiek het geen intrinsieke kommunikasiepotensiaal nie, maar kry betekenis in die interaksie met die mens (Van Schalkwyk, 1998). Ballentine (1984) beweer dat dit juis 'n sosiale of menslike konteks is wat betekenis aan musiek gee en nie die musiek self nie. Daar is 'n hegte verwantskap tussen objek en subjek en Clifton (in Reimer & Wright, 1992, p.52) meen "we see things from a center lying within ourselves".

Dit is juis hierdie laaste beskouing, die verwysende of assosiatiewe beskouing, van musiek en emosie wat in hierdie studie ter sake is. Daar word aanvaar dat daar besliste assossiasies tot stand kom wanneer die mens in interaksie met musiek is (Van Schalkwyk, 1998). Die vraag is egter of emosie deur musiek ontlok kan word wat verband hou met vorige emosies in kontekste waar musiek nie ter sake was nie. Is die ontlokte emosie verwant aan 'n vorige ervaring en of daar 'n verband bestaan tussen die ontlokte emosie en die ervaarde emosie vanuit die luisteraar se vorige konteks wat in die huidige luisteraktiwiteit 'n rol speel?

### 3.3 Musiek as 'n hulpmiddel om emotiewe konstrukte uit te brei

> People do not listen in a vacuum, they choose different types of music to suit different activities and environments and actively or passively listen with varying degrees of attentiveness (Hargreaves, 1986, p.105).

Die standpunt van Hargreaves aanvaar onder andere dat die konteks van die luisteraar en die kognitiewe en emotiewe konstruering van die konteks of situasie sal bepaal watter musiek vir 'n luisteraktiwiteit gekies word. Hierdeur kry musiek vir die individu spesifieke betekenis wat verband hou met die konteks waarbinne na die musiek geluister word en die ervaarde emosie in die konteks. Wanneer musiek gekies word sal dit ook waarskynlik ooreenstem met die ervaarde emosie

van die luisteraar. Die musiek dien dan eerder as 'n bevestiging van die luisteraar se emosies as 'n ontlokking daarvan soos wat deur die assosiatiewe beskouing aanvaar word.

Indien die emosie deur musiek bevestig kan word, sou dit ook moontlik wees dat musiek 'n bepaalde emosie kan versterk. Pratt (1968, p.135) beweer "music sounds the way the emotions feel" en as nie-verbale kommunikasie kan dit die emosies wat in die konteks ervaar word, uitbrei tot 'n meer omvattende belewenis. Musiek is nie 'n taal soos ander tale waardeur betekenis gekommunikeer kan word nie. Die mens gee betekenis aan die musiek ooreenkomstig die kognitiewe en emotiewe konstruerings van die konteks waarbinne na die musiek geluister word.

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat daar 'n bepaalde proses in die bewuswording van 'n emosie is. Hierdie proses vorm deel van die emotiewe konstruering wat ons gebruik om 'n spesifieke situasie te voorspel en ons emotiewe response in die situasie te beheer. Daar is ook verwys na die spesifieke eienskappe en aard van die diadiese verhouding en die wyse waarop die bevrediging of verhindering van hierdie verwagtinge in die verhouding lei tot sekere emosies. Musiek het die potensiaal om in die verhouding tussen twee mense die bewuswordingsproses van 'n emosie te versterk en die emotiewe konstruering uit te brei.

### 3.3.1 Musiek en die bewuswordingsproses van emosie

Betekenisgewing in enige konteks is 'n subjektiewe aksie waardeur ons die konteks of situasie konstrueer om sin te maak van ons persepsies en gemoedstoestand in die konteks. Deur na musiek te luister is ook 'n vorm van persepsie van 'n eksterne stimulus wat in die konteks bestaan. Ons persepsie van die musiek en die emosie wat dit ontlok of bevestig is 'n subjektiewe proses.

Mursell (in Reimer & Wright,1992) beweer dat musiek die subjektiwiteit van emotiewe belewenisse in die konteks beklemtoon. Dit is "extra-musical images and associations" (Mursell in Reimer & Wright, 1992, p.122) wat as hulpmiddels dien om emosie meer volledig te ervaar. Die emosie in musiek is nie 'n letterlike verteenwoordiging van 'n emosie nie, want dit verskil van die sogenaamde objektiewe emosie wat ons in ons daaglikse lewe ervaar. Dit is eerder 'n persoonlike en subjektiewe betekenis wat vir elke individu wat na die musiek luister sal verskil.

"The musical idiom with which we identify ourselves is often an index of our inner condition" (Spigel *et al.*, 1979, p.2). Dit is 'n unieke ervaring van elke luisteraar wat bepaal watter emosie sy of haar aandag gaan trek en watter emosies deur die luisterervaring ontlok en versterk gaan word. Daarom sal ons vanuit 'n subjektiewe konteks of ervaring 'n subjektiewe

emotiewe konstruering van die musikale ervaring of emosie hê wat beïnvloed is deur ons agtergrond of ander situasionele ervarings. Die variasie in die emotiewe belewenis van die musiek word beïnvloed deur die emosies uit ons konteks.

As gevolg van die konteksgebondenheid van ons emotiewe ervarings moet die subjektiwiteit van hierdie ervarings nooit buite rekening gelaat word nie. Ons konstrueer almal 'n eie realiteit ooreenkomstig ons ervarings en belewenisse. Musikale ervarings en belewenisse word, net soos ander persepsies en gemoedstoestande in die konteks, gestoor en word herroep wanneer na musiek geluister word. Die vorige ervarings dra by tot die emotiewe konstruering wat in die huidige konteks ter sake is. Verder kan musiek ook die emotiewe belewenis van 'n spesifieke ervaring versterk sodat die emosie van daardie ervaring opnuut beleef kan word.

Die emotiewe belewenis wat die luisteraar konstrueer hou ook verband met sy of haar persepsie van die musiek en die betekenis wat die musiek vir hom of haar inhou. Hierdie persepsie en betekenis is afkomstig van die luisteraar se eie subjektiewe konteks wat deel is van die luisterervaring. Die betekenisvolheid van die musiek in terme van die subjektiewe persepsie vorm deel van die gemoedstoestand wat die luisteraar ervaar wanneer hy of sy na die musiek luister. Dit is met ander woorde nog nie 'n bewuste proses nie, maar 'n bewuswording van die

gemoedstoestand wat ervaar word in die luisterkonteks. Deur betekenisgewing aan die gemoedstoestand deur middel van kognisie word die musiek emotief konstrueer. Hierdie emotiewe konstruering sluit nou aan by die persepsie wat die luisteraar aanvanklik van die musiek het, sowel as die subjektiewe betekenisvolheid daarvan.

### 3.3.2 Musiek en die diadiese verhouding

Enige situasie en verhouding vereis 'n emosionele respons. Wanneer ons na musiek luister, vereis dit ook 'n emosionele respons, veral "if it is connected with, or indicates, or refers to, [something] beyond itself, so that its full nature points to and is revealed in that connection" (Aiello, 1994, p.30).

Ons emosionele respons tot dieselfde stuk musiek kan egter varieer elke keer wat ons daarna luister (Sloboda, 1985). Van Schalkwyk (1998, p.52) verwys na die uniekheid van elke interaksie tussen die mens en musiek en beweer dat "die interaksie tussen mens en musiek in elke nuwe konteks sal verskil van enige vorige of toekomstige interaksies".

Die variasie in die emotiewe belewenis van die musiek word beïnvloed deur die emosies uit ons konteks, die emosie wat ons dikwels vanuit ons verhoudings saambring wanneer ons na musiek luister. Die musikale

stimulus funksioneer bloot as “a kind of catalytic agent, enabling the response to take place but playing no controlling part in shaping or determining the experience and figuring nowhere in the end result” (Aiello, 1994, p.11).

Volgens Van Schalkwyk (1998) vind interaksies tussen mens en musiek binne abstrakte konseptuele ruimtes plaas. Hierdie konseptuele ruimtes kan beskou word as die konteks van die diadiese verhouding. Die musiek waarna die verhoudingsmaats luister ontlok by elkeen spesifieke en unieke emotiewe belewenisse wat verband hou met die emosies wat hulle in die verhouding ervaar. Dit is emotiewe betekenisse wat intrinsiek verweef is met die inhoud en betekenis wat in die tyd en ruimte van die verhouding tot stand kom.

Net soos wat die luisteraar ‘n persepsie van musiek in ‘n bepaalde luisterervaring het in terme van dit wat vir hom betekenisvol binne die spesifieke konteks is, het die individu binne ‘n diadiese verhouding ook ‘n persepsie in terme van dit wat vir hom of haar binne die spesifieke konteks betekenisvol is. Hierdie betekenisvolheid hou verder verband met die verwagtinge wat hy of sy met betrekking tot sy of haar verhoudingsmaat het. Emotiewe konstrukte wat betrekking het op dit wat vir individue betekenisvol is en deur musiek ontlok en versterk kan word,

kan daarom 'n bydrae lewer tot die konstrueringsproses en gedrag in die situasie.

### 3.4 Slotsom

In hierdie studie word erkenning gegee daaraan dat betekenisgewing van musiek gegrond is op die emotiewe inhoude van ons eie emosionele leefwêreld soos dit in musiek reflekteer word. Die musiek funksioneer as 'n versterking van reeds ervaarde emosies. Dit sluit aan by Bonny (in Pavlicevic, 1997, p.24) se beskouing dat "the music intself is secondary: its role is to enhance the person's pre-existing image". Madell (1996) meen ook dat musiek in die konteks van die musikale aktiwiteit 'n funksie het om vir die individu pynvolle emosies te laat herbeleef in 'n ruimte wat veilig en vry van werklike gevaar is. In die volgende hoofstuk word die navorsingsontwerp vir hierdie studie bespreek en sal aandag gegee word aan die rol van musiek in hierdie studie.

"You are the music while the music lasts" Elliot (Madell, 1996)